Wees Uself

# Laerskool Jan van Riebeeck

Kloofstraat 52, Kaapstad 8001
Webtuiste: laerskooljanvanriebeeck.co.za
Tel: 021 423 4209
E-pos: ontvangs@jvrprim.co.za

Beste Ouer/Voog,

12 April 2024

Daar lê 'n opwindende tyd voor vir die skool se Senior Koor. Dit is vir ons 'n groot voorreg om die toonaangewende koordirigent, Leon Starker, as deel van ons koorspan te verwelkom. Die toevoeging van sy gespesialiseerde kennis en vaardighede, maak dit moontlik om in samewerking met mnr. Ben en juf. Rolene te streef na nuwe hoogtes. Ons droom is om 'n uitnemende koorkultuur by Laerskool Jan van Riebeeck te skep.

Leon se fokus en bydrae sal wees om aandag aan die uitbou van spesifieke vaardighede te skenk, wat insluit stemontwikkeling en bladlees. Hy sal daarom slegs betrokke wees by 'n gedeelte van elke kooroefening, waartydens hy gaan werk aan die tegniese aspekte van ons koor se ontwikkeling. Die uitkoms van só 'n benadering het ten doel om ons koor op die volgende gebiede te ondersteun:

- Die aanleer van repertorium te vergemaklik.
- 'n Goeie begrip van basiese musikale en teoretiese konsepte te kweek.
- Stemontwikkeling deur die beoefening van gepaste en gesonde sangtegnieke wat die bou en afronding van die koor se klank sal bevorder.

Vir ons visie om te realiseer, is dit belangrik om meer oefentyd aan die koor toe te staan. Vanaf 16 April verander ons Senior Koor se oefentye, en vind dit nou as volg plaas:

**Dinsdag:** 12h40 - 14h10
**Donderdag:** 07h45 - 08h15

Ons het hierdie tye spesifiek gekies, en die skool se rooster so aangepas dat dit nie met enige akademie, sport, kultuur of buitemuurse aktiwiteite bots nie. Ons verwag daarom van ons Senior Koorlede om volkome toegewyd te wees en die kooroefeninge getrou by te woon. Ons kan slegs as 'n gemotiveerde en gedissiplineerde span die doelwit van sukses bereik. Alhoewel harde werk by tye van die koorlede verwag gaan word, weet ons dat ons besig is om te skaaf aan 'n produk waarop ons as Jannies trots kan wees!

Ons hoop julle sien saam met ons uit na 'n blink toekoms vir ons Senior Koor, wat skitter met nuwe geleenthede vir optredes, deelname aan Eisteddfods en kompetisies, en moontlike koortoere.

Baie dankie vir julle ondersteuning in die verband
Koor-Groete

Beets

**Naas Beets**
**SKOOLHOOF**